DIE BRANDWAG HOËRSKOOL

KOSHUISREËLS VIR HUIS LELIE

Die volgende reëls sal van toepassing wees. Elke ouer/voog en leerder moet die reëls aanvaar wanneer aansoek gedoen word om toelating tot die koshuis.

1. Skriftelike kennisgewing van **EEN KWARTAAL VOORUIT** is nodig om 'n koshuisinwoner permanent uit die koshuis te neem.
2. 'n Terugbetaalbare sleuteldeposito van R40-00 is aan die begin van die jaar betaalbaar vir 'n kamersleutel.
3. Die superintendent en Huisouer tree op **IN DIE PLEK VAN DIE OUER** en **koshuisinwoners moet handel volgens die reëls.** Daar sal streng teen koshuisinwoners opgetree word wat nie by die neergelegde reëls bly nie. Na herhaalde vermanings sal kosgangers toepaslik gestraf word, gehok word of losies opgesê word.
4. Koshuise is van **Sondagmiddae 17:00 (deure sluit Sondae 20:00) tot Vrydagmiddae 16:00 oop** vir koshuisinwoners. Leerders wat oor naweke aan georganiseerde skoolaktiwiteite deelneem mag tot Saterdag oggend na ontbyt bly. Indien 'n leerder by die koshuis afgelaai word op 'n Sondag, geld normale koshuisreëls vir uitgaan/kuier.
5. Geen koshuisinwoner mag oor 'n naweek die koshuis verlaat **sonder dat hulle uitgeteken en die tyd wat hulle vertrek, aangeteken het nie.** Leerders sal nie toegelaat word om saam met enigiemand anders as ouers te gaan nie, behalwe wanneer die ouer telefonies toestemming gee aan die superintendent of Huisouer en skriftelik opvolg vir meer permanente reëlings. Skriftelike kennis kan ook gegee word met die naam en telefoonnommer van die persoon met wie die leerder mag saamgaan. Geen uitsondering sal gemaak word nie en oortredings in hierdie verband kan tot dissiplinêre stappe lei.
6. **GEEN KOSHUISINWONER MAG DIE GRONDE SONDER TOESTEMMING VAN DIE PERSOON AAN DIENS VERLAAT NIE.**
7. **Geen STERK DRANK EN DWELMS** word in die koshuisgebou, –gronde, by die skool of enige ander plek toegelaat nie.
8. **ROOK** word ook nie in die koshuisgebou, –gronde, by die Moselwinkels (agter Caltex), skool of enige ander plek toegelaat nie.
9. Geen **vuiltaal** of **vloekery** deur koshuisinwoners sal geduld word nie.
10. Geen leerder mag gedurende skoolure of –pouses na die koshuis gaan sonder verlof van die Huisouer nie.
11. **Skade deur koshuisinwoners aangerig** aan die koshuisgebou of –uitrusting, asook artikels wat deur die toedoen van 'n koshuisinwoner beskadig of vernietig word, sal deur die **ouer/voog van die betrokke koshuisinwoner betaal moet word.** Koshuisinwoners word versoek om spaarsamig te wees om sodoende die verhoging van koshuisgelde tot die minimum te beperk.
12. Geen elektriese apparaat, behalwe radio's, haardroërs en waaiers word toegelaat nie. Elektriese komberse en waaier-verwarmers word nie toegelaat nie.
13. Geen apparaat met 'n element soos ketels en verwarmers word in kamers toegelaat nie.
14. Koshuisinwoners moet **slotte aan hul kaste aanbring**, verkieslik 'n nommerslot. 'n Duplikaatsleutel moet by die Huisouer ingegee word vir bewaring. Alle waardevolle artikels en kontant moet ten alle tye in kaste toegesluit wees.

15. Yskaste word toegelaat in die koshuis teen ‘n jaarlikse fooi van R200. Betaalbaar by Mev Hermans. Die bedrag kan oor 4 kwartale afbetaal word teen R50 per kwartaal.

KLEREDRAG

16.

16.1 Alle klere moet duidelik met goeie merk-ink gemerk wees. Kaste/kamerdeure moet gesluit word. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir enige verlies nie. Ouers moet self sorg dat kinders se eiendom verseker is.

16.2 Leerders moet sorg dat hulle elke dag, netjies met **volle skooldrag** (volgens skoolvoorskrifte) die skool bywoon. Sorg moet die vorige dag al gedra word dat klere skoon en netjies is.

16.3 Leerders wat probleme het met skoolklere of waarom hulle nie skoolklere kan aantrek nie, moet die vorige aand reeds die Huisouer daarvan verwittig.

16.4 ‘n Netjiese haarstyl volgens skoolreëls is ‘n vereiste.

16.5 Kleredrag vir skoolfunksies en dorp toe is **volle skooldrag** tensy anders gereël. Dit geld ook indien leerders saam met hul ouers gaan.

16.6 Kleredrag in koshuis is gewone klere.

VERLOF VIR AFWESIGHEID UIT DIE KOSHUIS GEDURENDE DIE WEEK

17.

17.1 Leerders mag elke middag tussen 14:00 en 15:00 (**en geen ander tyd nie**) Mosel besoek. Hulle **MOET DIE UITTEKENBOEK TEN ALLE TYE TEKEN**. Geen gekuier word by Mosel toegelaat nie (ook nie agter Caltex nie). Leerders word slegs toegelaat om aankope te doen en terug te stap koshuis toe.

17.2 Leerders word toegelaat om skoolfunksies of –aktiwiteite by te woon en moet die uittekenboek te alle tye teken. In-studie vereistes geld.

17.3 Woensdae mag leerders dorp toe gaan **in hul volle skooldrag.** Enige besigheidsentrum vereis die dra van skooluniform – dit sluit Mosel en saam met ouers in.

17.4 Geen leerder mag in ‘n motor klim en saam met ‘n persoon ry sonder die toestemming van die Huisouer nie – ook nie op dorpsdae nie.

17.5 Geen leerder sal toegelaat word om na vriende se huis toe te gaan nie – ook nie op Woensdae nie.

17.6 Geen leerder mag **gedurende die week uitslaap nie** behalwe in uitsonderlike gevalle nadat ouers met die Huisouer gereël het. **ONS VRA OUERS OM ASSEBLIEF SAAM TE WERK IN HIERDIE VERBAND OM SODOENDE DIE DISSIPLINE EN TOESIG OOR LEERDERS TE VERGEMAKLIK.** Verjaarsdae van ouers of leerders is bv. uitsonderlike gevalle. Geen leerder het nodig om huis toe te gaan om take te doen nie.

17.7 Geen leerder mag die koshuisgronde **verlaat sonder toestemming** van die personeellid aan diens nie en hulle moet te alle tye **uitteken**.

17.8 Besoek aan die dorpswembad of gimnasium mag slegs tussen 14:30 – 16:00 wees met toestemming van die personeellid aan diens. Die gimnasium is slegs toelaatbaar vir leerders wat gym en **nie vir toeskouers nie**. Indien leerders die dorpswembad besoek, moet dit met toestemming en verantwoordelikheid van die ouers wees. Die personeellid aan diens moet sodanig ingelig word.

17.9 **Geen** sonbed-, haar- of skoonheidsafsprake mag gedurende die week gemaak word nie BEHALWE op 'n Woensdag wanneer dit dorpstyd is.

SIEKTE

18.

18.1 Sodra 'n leerder enigsins siek voel, moet sy/hy die huisouer dadelik verwittig.

18.2 Die leerder sal dan, indien nodig, na 'n dokter geneem word.

18.3 Siek kinders wat in die bed moet bly, moet deur die ouers huis toe geneem word. Geen siekeboeggeriewe is beskikbaar nie.

18.4 Leerders wat oor naweke siek word, moenie koshuis toe gebring word nie, maar self eers dokter toe geneem word die Maandagoggend. **Stel huisouers asseblief telefonies van sulke afwesigheid in kennis.**

KOSHUISGRONDE, KOSHUIS, GANGE EN TRAPPE

19.

19.1 Hou die koshuisgronde netjies deur geen rommel te strooi nie.

19.2 Moenie in die blombeddings trap nie en geen takke of blomme moet afgebreek word nie.

19.3 Geen klippe mag opgetel en rondgegooi word nie.

19.4 Niemand mag op vensterbanke klim, sit of hang nie.

19.5 Geboue en meubels mag nie verniel word nie. Meubels mag ook nie na buite gedra of uitgeleen word nie.

19.6 **Sorg dat ligte nie onnodig brand nie**. Skakel kamer- en badkamerligte onmiddellik af na gebruik. 'n Boete sal ingestel word teenoor leerders wat herhaaldelik nie haar ligte afskakel nie.

19.7 Leerders moet hulle stigtelik gedra in koshuise. Enige vorm van rondhardlopery of gillery in gange sal gestraf word.

19.8 Geen balspele in die koshuis nie.

19.9 Geen troeteldiere word in die koshuis toegelaat nie.

19.10 **Geen graffiti, gekrap of geskryf op enige mure, spieëls, vensters of deure nie**.

19.11 Geen spykerskoene of "togs" mag in die koshuis gedra word nie.

19.12 Geen prente mag sonder toestemming teen kamermure aangebring word nie. **Geen wondergom of kleeflint mag teen mure gebruik word nie.**

19.13 Geen kamer mag geverf word sonder vooraf toestemming van die Huisouer nie. Indien toestemming verleen word, mag die kamer slegs in die voorgeskrewe kleure geverf word.

19.14 Die TV- en Ontspannings-kamer moet ten alle tye netjies gehou en gelaat word.

19.15 Sportsakke, klere en skoene wat in die koshuis en gange rondlê, sal geneem word en teen 'n boete van R5 aan die leerder terugbesorg word.

19.16 Rapporteer alle breekskade, of enigiets wat nie reg werk nie onmiddellik aan die matrone in die kombuis of teken dit in die boek aan sodat dit so gou moontlik herstel kan word. Die Huisouer of personeellid aan diens moet ook daarvan in kennis gestel word.

NETHEID VAN BADKAMERS

20.

20.1 Wasbakke, baddens en toilette moet netjies en skoon gelaat word nadat dit gebruik is.

20.2 Geen koppies of ander kombuisware mag in die badkamers gewas word nie.

20.3 Toilette moet na gebruik gespoel word en sanitêre doekies in drommetjies geplaas word. Ons vra **asseblief samewerking in hierdie verband** aangesien sanitêre doekies die toilette verstop.

20.4 Wees konsidererend teenoor medeleerders deur by <u>storttye te hou en nie water te mors</u> deur baddens oorvol te tap of storte lank te laat loop nie.

NETHEID VAN KAMERS

21.

21.1 Kamers moet altyd aan die kant wees en beddens moet netjies opgemaak wees. Sorg dat klere, onderklere en skoene wat jy uitgetrek het, dadelik weggepak word.

21.2 **Kamers moet self deur leerders skoongemaak word**. Besems, skoppies, moppe en emmers word voorsien. Koshuiswerkers is verantwoordelik vir die skoonmaak van die res van die koshuis en badkamers. Sorg dat niks rondlê nie en dat alle waardevolle goedere toegesluit is. Klere en skoene wat in kamers rondlê, sal ook geneem word en teen ‘n boete van R5 aan die leerder terugbesorg word.

21.3 Handdoeke moet oor die handdoekreling of hak wat in die kamer vir daardie doel aangebring is, gehang word.

21.4 <u>Geen kledingstukke mag in die vensters gehang word nie</u> maar op die beskikbare wasgoedlyne.

21.5 Niks mag by enige vensters uitgegooi word nie.

21.6 Leerders moet Vrydae hul kamers netjies laat en alle vensters en gordyne toemaak.

STUDIE

22.

22.1 Gedurende die kwartaal is verpligte studie 2 uur per dag en in eksamentye 4 uur.

22.2 Indien leerders nog studietyd benodig, word ekstra studie toegelaat. Toestemming daarvoor moet by die diensdoende personeellid verkry word.

22.3 Geen rondlopery word gedurende studietyd toegelaat nie.

22.4 In die kamers moet daar gedurende studietye absolute stilte wees.

22.5 Selfone moet gedurende studie **afgeskakel** en by die verantwoordelike HK van die gang ingehandig word.

22.6 Geen leerder word by ‘n ander gedurende studie toegelaat nie.

22.7 Indien ‘n funksie saans bygewoon word, moet daar in die middag instudeer word. Verlof moet vooraf verkry word.

22.8 Alle toetse moet deur die huisouer/ouer/voog geteken word.

22.9 Geen leerder mag in studietyd met ‘n skootrekenaar in sy kamer werk nie. Indien take op skootrekenaar gedoen moet word, moet die leerder met sy skootrekenaar op die aangewese rekenaararea gaan werk.

SELFONE

23.

23.1 Geen vulgêre taal, gesprekke of boodskappe met enigiemand sal enige tyd per sms/facebook/mixit of enige ander manier toegelaat word nie.

23.2 Geen geskinder, geboelie of bakleiery sal per selfoon onder mekaar toegelaat word nie. Indien enige van hierdie oortredings plaasvind sal 'n leerder se selfoon summier afgeneem word vir 'n tydperk soos goedgedink deur huisouer/personeellid aan diens.

REKENAARS

24.

24.1 'n Beperkte aantal rekenaars is in die koshuis beskikbaar vir leerders wat take of navorsing wil doen.

24.2 Werk op die rekenaars **gedurende studietyde word ontmoedig** en kan slegs met toestemming van die personeellid aan diens gebruik word. **Die aangewese tyd om rekenaarwerk te doen is gedurende die middae.**

STILTETYD EN RUSTYD

25.

25.1 Gedurende rustyd, 14:45 – 16:00 in die middag moet daar **STILTE** in die koshuis wees. Slegs leerders wat vir skoolaktiwiteite uitgaan, mag buite die koshuis wees.

25.2 Vrydagmiddag word ook as 'n gewone weeksmiddag beskou waartydens dieselfde reëls geld.

25.3 Soggens word voorsiening gemaak vir persoonlike stiltetyd voor ontbyt.

25.4 Gedurende stiltetye moet die nodige respek teenoor maats betoon word wat besig is met Bybelstudie. Geen rondlopery of geselsery of musiek word toegelaat nie.

25.5 Geen skoolwerk, ander werk of enigiets mag gedurende stiltetyd gedoen word nie. Ook geen selfone mag gebruik word nie.

BESOEKERS VAN BUITE

26.

26.1 Kuiertyd is daagliks van 16:30 – 18:30 (18:00 in winter) en **leerders mag slegs besoekers gedurende hierdie tyd ontvang.**

26.2 Koshuisinwoners mag nie sonder toestemming besoekers van buite in hul kamers ontvang nie.

26.3 **Geen seuns of mans (ook nie pa's nie) word in die koshuis of in dogters se kamers toegelaat nie.**

26.4 Geen besoeker mag by die vensters inhang en kuier nie.

26.5 Geen leerder wat nie in die koshuis inwoon, mag daar bad of stort nie, ook nie na sportoefeninge of –wedstryde nie, behalwe as daar met uitsondering, met huisouers gereël is.

26.6 Besoekers moet op die aangewese plekke op die koshuisgronde kuier en **mag nie op die sypaadjie en in motors kuier nie.**

EETSAAL

27.

27.1 **Alle leerders moet alle etes in die eetsaal bywoon** behalwe wanneer hulle met skoolaktiwiteite besig is en uitgeteken het vir laat ete. **Leerders moet self die laat-eteboek teken** en mag nie iemand anders vra om dit namens hulle te doen nie.

27.2 Leerders tree soggens, smiddae en saans aan voor die eetsaal vir etes en **moet sorg dat hulle betyds is.**

27.3 Almal sit aan tafel totdat almal kos gekry en begin eet voordat hulle hulself mag verskoon. Die personeellid of huiskomiteelid aan diens sal aandui wanneer leerders hul mag verskoon.

27.4 Leerders moet hul ten alle tye netjies aantrek en skoene aanhê met ete. Geraasvlakke moet saggies wees.

27.5 Soggens moet leerders ten volle netjies in skooldrag geklee wees wanneer hulle opdaag vir ontbyt.

27.6 Behalwe etenstye **mag geen leerder sonder toestemming in die eetsaal wees nie.**

ALGEMEEN

28.

28.1 Geen koshuisinwoner word toegelaat om saans sonder toestemming enige funksie buite skoolverband by te woon nie. Bywoning van funksies buite skoolverband word beperk tot **twee per kwartaal** en leerders moet dit in groepe bywoon. Vervoerreëlings moet volgens vereistes goedgekeur wees.

28.2 Hoewel die personeellid aan diens sover moontlik leerders tegemoet sal kom om hulle na **dokters- en fisio-afsprake** toe te neem, kan daar nie van hulle verwag word om leerders na ander afsprake of ekstra klasse te vervoer nie.

28.3 Wees ten alle tye hoflik en goedgemanierd. Groet en staan op wanneer ‘n personeellid of enige ander volwassene ‘n kamer binnestap of op die terrein by jou verbystap.

28.4 Enige optrede wat die beeld van die skool of koshuis skade kan berokken, sal in ‘n baie ernstige lig beskou word. Onberispelike optrede teenoor personeel, mede-koshuisinwoners en publiek is ‘n streng vereiste. **Leerders moet veral op hul gedrag let wanneer hulle Woensdae in skoolklere dorp toe gaan – hulle word as koshuisleerders gesien en in gevalle van swak gedrag word die koshuis geëtiketteer en nie die leerder nie.**

28.5 Hoewel die koshuispersoneel alles in hul vermoë doen om goeie toesig en orde te handhaaf, kan ons ongelukkig nie verantwoordelik gehou word vir persoonlike artikels wat wegraak nie. Waardevolle artikels moet verkieslik nie koshuis toe gebring word nie en indien dit wel nodig is, moet dit deur leerders toegesluit word en sleutels moet goed opgepas word.

28.6 Die leen van medeleerders se klere of besittings word ten sterkste ontmoedig. Leerders moet sorg dat hulle hul eie benodigdhede saambring.

28.7 Voordeurdiens tussen 14:00 en 17:00 moet **getrou en stiptelik** in netjiese skooldrag deur graad 8’s en nuwe leerders gedoen word. (Diskresie van huisouers sal hier geld.)

28.8 Geen leerder mag sonder toestemming in ‘n ander leerder se kamer wees nie.

28.9 Geen leerder mag na ligte-uit met of sonder toestemming in ‘n ander leerder se kamer wees nie.

REËLS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING EN AANPASSING SONDER VOORAF KENNISGEWING.

VERBREKING VAN REËLS WORD IN ‘N BAIE ERNSTIGE LIG BESKOU EN SAL TOEPASLIK GESTRAF WORD.

MEER AS DRIE SKRIFTELIKE WAARSKUWINGS KAN TOT UITSETTING LEI.

ENIGE ERNSTIGE OORTREDINGS, BV. DIEFSTAL, ROOK, DRANK/DWELMMISBRUIK, KAN SONDER WAARSKUWING TOT ONMIDDELLIKE UITSETTING LEI.